**KANKER:**

Jansen van Niekerk het Maandag, 21 Julie 2025, begin met chemoterapie.

Gideon Erasmus het Vrydag, 04 Julie 2025, sy eerste sessie chemoterapie ontvang. Hy moet elf sessies ontvang en die eerste drie is dubbele dosisse. Gideon ervaar tans die minimum newe-effekte en is steeds vol grappe en kwinkslae.

Issie Swart, Elmo de Beer en Tina Fullard bly steeds in ons gebede.

**GESONDHEID:**

Johan Visser (snr) is Dinsdagmiddag, 05 Augustus 2025, in Pretoria-Oos Hospitaal opgeneem, nadat hy ‘n beroerte gehad het. Hy is intussen oorgeplaas na Intercare Hazeldean Rehabilitasiesentrum, waar hy spraak- en fisioterapie ontvang. Sy spraak het al effens verbeter, maar ongelukkig is die verlamming aan sy linkerkant permanent.

Tersia Meintjes was Dinsdag, 29 Julie 2025, by ‘n kolonspesialis in Centurion. Hulle het haar kolon gespoel. Sy gaan oor die volgende twee weke vir ses spoelsessies. Die dokter is tevrede met Tersia se vordering.
Die gesin sê baie dankie vir almal se volgehoue gebede en ondersteuning.

Oom Frikkie Smith, Manie en Elize Visser, asook Annetjie Lubbe, Lien Malan se 89-jarige moeder, bly steeds in ons gebede.

**OPERASIES:**

André Grundling is Maandagaand, 11 Augustus 2025, in Die Wilgers Hospitaal se Intensiewe Sorgeenheid opgeneem. Hy het ‘n abses aan sy gesonde been. Hy was Dinsdag, 12 Augustus 2025, asook Donderdag, 14 Augustus 2025, teater toe, waar hulle die abses gedreineer het. André was Dinsdag, 19 Augustus 2025, weereens teater toe. Op dié stadium is die dokter tevrede met die vordering van die been. André ontvang steeds bloedoortappings.

Corene Myburgh was Vrydag, 25 Julie 2025, vir ‘n groot operasie by Eugene Marais Hospitaal. Die operasie het goed afgeloop en sy is Sondag, 27 Julie 2025, ontslaan. Bid asb vir haar - dis ‘n BAIE lang pad na herstel. Corene het Vrydag, 15 Augustus 2025, ‘n terugslag gehad – ‘n bloedklont in haar been. Die swelsel en pyn is tans beter en dit lyk of die bloedklont besig is om op te los. Sy bly baie positief en vol moed.

**STERFTES:**

Heinie Liebenberg is Dinsdag, 05 Augustus 2025, skielik oorlede, terwyl hulle in die Wildtuin was.

Ons harte gaan uit na Louisa, hulle kinders en kleinkinders. Mag hulle die Here se nabyheid en troos in dié tyd baie intens ervaar.

**SWANGERSKAPPE:**

Heinrich en Erisha Rautenbach is swanger met hulle tweede baba, ‘n seuntjie. Die verwagte datum is einde Januarie 2026.

Neels en Sonandie Janse van Rensburg is swanger met hulle derde baba. Die verwagte datum is 09 September 2025.

Ons bid julle ‘n baie gesonde, geseënde en voorspoedige swangerskap toe.

**ANDER:**

Mense, veral ons jongmense, wat sukkel met dwelm- en drankafhanklikheid;

Die lande en mense wat in oorlog gewikkel is;

Ons boere en hulle gesinne, hulle veiligheid, hulle plase, vee en oeste.